

Hoofstuk van die dag: Jeremia 26

> *Miskien sal hulle luister en hulle van hulle verkeerde lewe bekeer. Dan sal Ek die straf herroep wat Ek oor hulle wou bring oor hulle sondige dade. (Jer 26:3)*

Mense sê dikwels jou paadjie is vir jou uitgesit, en wat sal

gebeur, sal gebeur. So asof God ons hele lewe haarfyn beplan het, van geboorte tot sterwe, en al wat ons moet doen, is aangaan en leef en met ons laat gebeur wat vooraf reeds in God se Raadsplan bepaal is.
Dit klink baie vroom, maar dit is baie ver van die waarheid af. Want só ’n siening hou nie rekening daarmee nie dat God ons ’n vrye wil gegee het, wat beteken dat ons nié noodwendig op die paadjie bly wat Hy vir ons beplan het nie. Boonop maak dit van God ’n strakke, onpersoonlike noodlot wat nie kan of wil reageer of aanpas nie.
Nee, God se regering is dinamies. Hy kan sy planne aanpas en verander as omstandighede verander. Hy kan sy oordeel oor Juda terugtrek as hulle luister. Dis hoekom ons met hoop kan leef, want God is lewend en teenwoordig in ons lewens van dag tot dag en van oomblik tot oomblik. Hy is die Gans Andere (Karl Barth). Dís hoekom ons glo!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026